Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprysing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende 'man hu' wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! **Yeshua is die hart van die Vader!!**

Parashah 19: ***Terumah*** – Bydrae

יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: "Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wat met 'n gewillige hart gee, moet julle My offer ontvang. Ex. 25:1-2 – PWL[1]

Torah: Exodus 25:1 tot 27:19

Haftorah: 1 Kon. 5:1 tot 6:13

Nuwe Verbond: Matt. 5:1 tot 37; Mark. 10:11**;** Hebr. 8:1 tot 6; 9:23 en 24; 10:1

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 19 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

The visible church, as it is looked upon by the world in general is but a building erected by man to entertain their own religious ideals and rituals before others. Their interest usually lay within the confines of carnal thoughts and expressions to hold and captivate the people to their own philosophy concerning their religion. This structured organized arena they call the church has promoted itself above God with some removing Him completely from their circles. With the world in general being a reflection of the condition of this humanistic structure, we see a great need within the church itself. A church that the scripture classifies has a people having a form of godliness while denying the true God as having any power or authority in their midst. – Duane Stewart (Ascension Time is Upon Us).

Human relationships are an ongoing process of judgments, giving grace and favour to one another liberally, sparingly, or not at all. – Hollisa Alewine.

When evidence (Truth) is lacking to Support a particular idea, the deceiver injects creative deception, in order to twist the Truth to fit or support the intended deception. – Avdiel Ben Levi.

The opposite of law was never grace, but lawlessness. The opposite of grace was never law, but disgrace. – Eli Lizorkin-Eyzenberg.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Torah Bespreking

Hersiening

Die aankoms by Sinai, en die gee van Torah, was die begin om Yisra'el se denke te vernuwe om te dink, te praat en te doen soos יהוה. Yisra'el was uit Mitzrayim bevry, maar nou moes Mitzrayim uit Yisra'el verwyder word. Eerstens moes Yisra'el se denke vernuwe word ten opsigte van naasteliefde. *Mishpatim,* was die eerste praktiese toepassing van die gebod om jou naaste lief te hê soos jouself!

Daarom het verlede week se Torahskriflesing hoofsaaklik oor menseverhoudings gehandel. Ons is geskape na die beeld en gelykenis van יהוה (Gen. 1:17) en daarom moet ons ons medemens ook behandel as geskape na die beeld en gelykenis van God! Dit is die vernuwing van hulle denke wat Yisra'el moes ondergaan voordat hulle Kena'an in besit kon neem.

Net so was ons ook vir generasies blootgestel aan afgodery wat die kerk besoedel het! Ons moes ook eers uit 'Mitzrayim' kom (2Kor. 6:17 en Open. 18:4) alvorens 'Mitzrayim' uit ons kon kom! Die Mitzrayim-uit-ons-kom-proses is die vernuwing van die denke waarna Sha'ul in Rom. 12:1-2 verwys.

> **1** My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk
> **2** en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Verlede week se Torahskriflesing het geëindig waar Mosheh op die berg Sinai opgegaan het en 'n wolk die berg toegedek het en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God op die berg gebly het! Dan lees ons:

> **17** Die verskyning van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in die oë van die seuns van Yisra'el soos 'n verterende vuur op die top van die berg.
> **18** Mosheh het binne-in die wolk ingegaan soos hy op die berg opgaan en Mosheh was veertig dae en veertig nagte op die berg.

Hierdie was die begin van die instruksies vir die bou van die tabernakel – die bou van 'n afgesonderde plek sodat יהוה tussen hulle kan woon (Ex. 25:8).

'n Vreugdevolle Gewer

Ons Torahskriflesing begin met hierdie woorde van God aan Mosheh:

> Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wat met 'n gewillige hart gee, moet julle My offer ontvang. Ex. 25:2.

Elkeen het die geleentheid gehad om volgens sy hart 'n bydrae te lewer tot die bou van die tabernakel. Hierdie bydrae word volgens Deut. 12:11 beskryf as 'n keurbelofte-offer. Dit is 'n offer waarmee elkeen eer (skatpligtigheid) aan יהוה kon bewys.

Dit herinner ons aan soortgelyke woorde van Sha'ul:

> Elkeen gee soos hy besluit het in sy verstand, wil en emosie, nie treurig of uit verpligting nie, want God het 'n vreugdevolle gewer lief. 2Kor. 9:7.

In beide gevalle verwys dit na ‘n vrywillige en vreugdevolle bydrae – ‘n bydrae volgens hartsbegeerte!! Dit is om te gee uit liefdevolle dankbaarheid! In beide gevalle is dit om ‘n bydrae te maak om te help met die uitbreiding en vestiging van God se Koninkryk hier op aarde.

‘n Vreugdevolle gewer (*terumah*) gee uit liefdevolle dankbaarheid vir dit wat Vader-God reeds gedoen het, asook sonder die verwagting van ‘n materiële opbrengs, maar wel in die verwagting van ‘n geestelike opbrengs. Want dit was die belofte van die vrywillige bydrae tot die bou van die tabernakel, naamlik dat יהוה-God in hulle midde sou kom woon het.

> Hulle moet ook vir My ’n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly. Ex. 25:8.

Was die bou van die tabernakel ‘n opdrag of was dit eerder ‘n versoek van Vader-God? Daar word na geen straf verwys indien Yisra’el dit nie sou doen nie en geen omvattende verduidelik word gegee van hoekom ‘n tabernakel gebou moet word nie, as bloot net *sodat Ek tussen hulle kan bly*. יהוה is die getroue Verbondsgod (Deut. 7:9) en Hy wil die onverdiende guns van die verbond aan Yisra’el – aan die wat Hom liefhet – bewys. Vir die doel wou יהוה in hulle midde woon. God wil graag Koning, Bruidegom en Vader vir elkeen wees en die tabernakel is die demonstrasie daarvan.

Sekerlik het Yisra’el ander dringende sake gehad wat hulle aandag vereis het. Hulle was nog relatief nuut in die woestyn en was dus gewikkeld in ‘n daaglikse oorlewingstryd. As individue, families en volk moes hulle hulself beter organiseer om suksesvol te kan oorleef. Nou word hulle egter gekonfronteer met ‘n keuse tussen hulle eie belange en die bou van ‘n tabernakel. Hulle kon redeneer dat יהוה reeds in hulle midde was soos wat die ‘man hu’ uit die hemel en die water uit die rots getuig het, sowel as die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags.

Maar Yisra’el het besef dat והיה se belange eerste kom, want die tabernakel sou meer as net יהוה se teenwoordigheid in alles wat Hy geskape het wees. Die tabernakel moet gebou word om ‘n ruimte te skep waar יהוה tussen hulle kon woon. Dit kan gesien word as die begin (heenwysing en afbeelding) van die vestiging van יהוה se aardse Koninkryk. Die hemelse moet op die aarde manifesteer – ‘n plek van waar God deur Yeshua kan regeer!

> Laat U Koninkryk kom, laat U wil gedoen word, op die aarde soos in die hemel. Matt. 6:10.

Die aardse tabernakel was ‘n replika van die groter en volmaakter hemelse tabernakel (Heb. 9:11), en was `n rigtingwyser (sinnebeeld) van `n groter waarheid wat sou kom. Daarom is kennis van die ware betekenis en doel van die aardse tabernakel `n sleutel tot beter insig van Torah en open ook die deur tot die geestelike waarhede van die nuwe verbond.

Die bydrae (*terumah*) vir die bou van die tabernakel (*mishkan*) was dus ‘n hartsaak, naamlik om volgens hartsbegeerte aan יהוה te gee sonder om die kosteberekening te doen. יהוה ontvang graag dit wat met ‘n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word.

Hierdie beginsel van gee, moet in die hart van elkeen gevestig wees wat uit Mitzrayim (van sonde) bevry is en as onpartydig en opreg, naamlik gehoorsaam aan Torah, lewe. Om aan יהוה ‘n offer (bydrae) te gee (te bring) is om nader aan Hom te beweeg – dit is ‘om op te gaan’ na die Vader. Om aan יהוה te gee (te offer) is nie om Hom te bevredig nie. Nee, heidene offer om hul god of gode te bevredig!

Terumah is om die hartsgesindheid van Vader-God na te boots. יהוה se skepping was Sy hartsverlange om goedheid, guns en liefde te bewys. Hoewel יהוה alles geskape het en alles aan Hom behoort en uit menslike oogpunt sou reken dat Hy nie ‘n behoefte aan iets het nie, is dit nie waar nie. Vader-God het ‘n behoefte en begeerte om alles wat Hy is en besit met die mens te deel – dit is ‘n opsomming van יהוה se hartsgesindheid. Wat beter bewys daarvan as die feit dat Vader ook Sy Uniekgebore Seun as Sy keurbelofte-offer aan die mens gegee het (Joh. 3:16; 1Joh. 4:9)!

Vader-God vra dieselfde van ons, naamlik ‘n gewillige en vrygewige hart. Hy wil hê dat ons ook goedheid, guns en liefde aan ander moet bewys. Wanneer ons dit aan ander doen, is dit so goed asof ons dit aan Vader doen. Verwys Matt. 25:31-46, veral vers 45. Alles wat ons aan Hom gee moet ‘n keurbelofte-offer wees.

Mag ons elkeen ook met ‘n vreugdevolle hart ‘n gereelde bydrae lewer tot die uitbreiding en die vestiging van God se Koninkryk.

Die belangrikheid van die tabernakel word bevestig deur die feit dat 50 hoofstukke in Torah gewy word aan die bou van hierdie afgesonderde plek en aan die dienswerk wat daarin verrig moet word.

Bepeins of Bespreek

1. Gerrie Coetzee se leringe oor die tabernakel is beslis die moeite werd ten einde die doel en die betekenis van die tabernakel te verstaan en hoe dit op ons as deel van die nuwe verbond van toepassing is. Hierdie leringe is op video beskikbaar by die volgende skakel: https://www.padwlewe.ch/Videos.html ‘n Groot aantal videos is hier beskikbaar, maar kies die reeks met die titel: Yeshua en die tabernakel.

God se Gemanifesteerde Teenwoordigheid

Die instruksies vir die bou van die tabernakel met al die toebehore begin met die instruksies vir die bou van die verbondsark.

> Hulle moet ’n ark van akasiahout maak. Sy lengte moet twee en ’n half el, sy breedte een en ’n half el en sy hoogte een en ’n half el wees.Ex. 25:12

Die verbondsark met sy toedekking (versoendeksel) was die enigste meublement in die Mees Afgesonderde deel van die tabernakel. Slegs die hoofpriester kon een keer per jaar op die dag van Versoening in hierdie deel van die tabernakel ingaan en dan slegs met die bloed van die bul wat vir die sondes geoffer is. Van hierdie bloed is geneem en deur die hoofpriester op die toedekking gesprinkel om op dié wyse versoening vir die volk se sondes te doen.

Die verbondsark was `n kis van akasiahout van sowat 1,25m lank x 0,75m breed x 0,75m hoog. Hierdie kis was binne en buite met goud oorgetrek. Die deksel van die kis, bekend as die toedekking, was van suiwer goud. `n Goue krans het die toedekking omring. Op die deksel was daar aan die twee ente `n gérub met uitgestrekte vlerke en met hulle aangesigte na mekaar toe. Die toedekking en gérubs is uit een stuk suiwer goud volgens die vakmanskap van gietwerk gemaak. Op elke lengtesy was daar twee goue ringe. Twee draaghoute wat met goud oorgetrek was, was deur hierdie ringe gesteek en gebruik om die ark mee te dra. Hierdie draaghoute mag nooit verwyder gewees het nie.

Soos die tabernakel die middelpunt van Yisra’el se daaglikse leefwyse en bestaan was, so was die verbondsark die middelpunt van die tabernakel en later van die Tempel. Die Mees Afgesonderde waar in die verbondsark was, was die hart van die Tabernakel en waar die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה teenwoordig was!

Binne in die verbondsark was die Getuienis, naamlik die twee kliptafels met die tien gebooie, `n goue fles met ‘man hu’ en Aharon se staf wat gebot het (Eks. 25:16; Eks. 16:32-36; Num. 17:1-11; Heb. 9:3-4). Hierdie inhoud van die verbondsark is ‘n sinnebeeld van Yeshua dié Gesalfde Een. Hy is יהוה se boodskap en Torah wat vlees geword het (Joh. 1:14). Hy is die Brood (‘Man Hu’) van die Lewe (Joh. 6:35), asook ons Koning en ons ewige Hoofpriester (die staf van Aharon) volgens die nie-Levitiese priesterorde van Malki-Tzedek (Heb. 5:6 en 10; Heb. 6:20).

Soos reeds genoem was die verbondsark wat in die Mees Afgesonderde gestaan het, die hart van die Tabernakel en waar die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה teenwoordig was!

Omrede ons elkeen se liggaam die tempel van יהוה is (1Kor. 3:16; 1Kor. 6:19), is ons hart (verstand, wil en emosie) vergelykbaar met die Mees Afgesonderde van die tabernakel. Dit beteken dat die verbondsark in ons hart moet wees! Dit moet die kern vorm van ons daaglikse geloofswandel. Die inhoud van die verbondsark in ons hart moet daarom dieselfde bevat as dit wat in die verbondsark van die tabernakel was!

Daarom moet die verbondsark wat in ons elkeen se “midde staan” ook יהוה se tien woorde bevat wat op die tafels van ons hart geskrywe is (Heb. 8:10), asook die ‘man hu’, naamlik Yeshua wat die Brood van Lewe is waarmee ons daagliks gevoed word (Joh. 6:35). En laastens moet die staf van Aharon vervang word met die staf van Yeshua, dié Gesalfde Een, wat ons Ewige Hoofpriester volgens die nie-Levitiese priesterorde van Malki-Tzedek is (Heb. 5:6 en 10; Heb. 6:20).

Sonder hierdie drie dinge sal ons nie die Gemanifisteerde Teenwordigheid van יהוה ervaar nie! Onthou: As Torah-gehoorsame gelowiges in Yeshua as die Die Gesalfde Een, is ons deel van die priesterorde van Malki-Tzedek en nie van die orde van Levi nie! Daarom het ons as priesters tot die Mees Afgesonderde om in God se Gemanifesteerde Teenwoordigheid te mag staan!

Soos reeds genoem moes Mosheh ook ‘n toedekking (versoendeksel) met twee gérubs van suiwer goud maak wat bo-op die ark geplaas moes word (Ex. 25:17)

> **17** Maak ook ’n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en ’n half el en sy breedte een en ’n half el wees.
> **18** Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking.

Die toedekking met gérubs is `n afbeelding van יהוה se troon en getuig van God se onverdiende guns. Op die toedekking was die bloed deur die hoofpriester een keer ‘n jaar op die dag van Versoening (Yom Kippur) gesprinkel. Sonder die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het, sou daar geen vergifnis vir sonde gewees het nie en sou יהוה se troon die plek van oordeel gewees het.

Die bloed van die offerbul wat op die toedekking gesprinkel was, kon egter nie die sonde wegneem nie, maar kon dit slegs “tydelik” bedek (Heb. 10:1-4). Daarom was die bloed van die bul wat op die toedekking gesprinkel was, slegs `n skadubeeld van die bloed van die Lam van God wat ewige versoening sou bewerkstellig. Yeshua het met sy eie bloed die hemelse Afgesonderde Plek ingegaan en `n ewige verlossing teweeggebring (Heb. 9:11-14).

> **11** maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie.
> **12** Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,
> **13** want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van ’n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,
> **14** hoeveel te meer sal die bloed van Die Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien.

Bo die toedekking, tussen die twee gérubs, was יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid. Die bloed van vergifnis en versoening wat op die toedekking gesprinkel was, was dus tussen יהוה se Gemanifisteerde Teenwoordigheid en die kliptafes met die tien gebooie in die verbondsark. Wanneer die hoofpriester op die dag van Versoening die bloed op die toedekking gesprinkel het, was dit simbolies van die toedekking (vergifnis) van die oortredinge van die gebooie. Dit moes jaarliks herhaal word! Maar Yeshua het met Sy eie bloed een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ‘n ewige loskoping verkry.

Die betekenis hiervan is dat deur vertroue in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal ‘kyk’ יהוה-God na ons oortreding van Sy Torah, maar ‘sien’ dan die bloed van Sy Seun wat die vergifnis van die oortreding van Torah is. Geen verdere offerandes of besprinkeling van bloed op die toedekking is nodig nie, maar vereis slegs dat ons met opregte berou om vergifnis vra en met ‘n begeerte om dit nie weer te doen nie!

Soos reeds genoem was die verbondsark met sy toedekking die eerste op die lys van die bou van die tabernakel. Dit is gevolg deur die instruksies vir die vervaardiging van die tafel met die brode van Teenwoordigheid (toonbrode) en daarna die lampstaander van suiwer goud. Ons kan dus sê dat die tabernakel van “binne na buite gebou” was. Tereg kan ons dan vra wat is die geestelike betekenis hiervan?

Die antwoord vind ons in wedergeboorte wat gepaardgaan met die verbondsark wat in ons hart geplaas moet word. Met wedergeboorte word die tien gebooie in ons begrip gegee en op ons hart – ons verstand, wil en emosie – geskryf. Dan begin ons om met die woord – die ‘man hu’ – van God gevoed te word sodat ons geestelik volwasse in Yeshua kan word. Die ‘man hu’ is Vader se Torah wat ons leer hoe om as onpartydig en opreg (geregverdig) in God se Teenwoordigheid te lewe, asook ons leer om hoe om dienswerk te doen as ‘n koninklike priesterdom van Malki-Tzedek.

Wedergeboorte is dus ook soos die bou van die tabernakel van binne na buite – ‘n innerlike verandering wat uiterlike deur ons woorde en dade sigbaar sal word.

Bepeins of Bespreek

1. Is gelowiges wat weier om al tien gebooie te gehoorsaam werklik wedergebore? Is dit nie eerder ‘n “geestelike miskraam” of ‘n wangevormde geestelike baba nie, want die belangrikste inhoud van die verbondsark, naamlik die tien gebooie is nie op hulle verstand, wil en emosie geskryf nie?

2. Dit is maklik om van ‘buite’ goed te lyk, maar die vraag is hoe lyk ons van binne? יהוה onderneem om ons innerlike te verander sodat dit uiterlik sigbaar sal word. Soos Dawid moet ons ook vra: “Skep in my ’n rein verstand, wil en emosie, o God en hernu ’n

standvastige gees in my" (Ps. 51:10), sodat ons ook kan sê: "O my God, ek verheug my daarin om U wil te doen; U wet is binne-in my verstand, wil en emosie." Ervaar ander mense dat God se verbondsark in jou hart is?

3. Jy is die tempel van God, maar onthou die teëstander wil in jou tempel as God sit en voorgee (jou oortuig) dat hy God is (2Thes. 2:4). Jou liggaam as tempel van God moet geen ooreenkoms hê met die tempel van afgode nie (2Kor. 6:16)! Hoe maak jy seker dat die teëstander verhinder word om God se plek in te neem?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.